# Genesing van die land

Na die toewyding van die eerste tempel in Jerusalem het die Here gedurende die nag aan Salomo verskyn en hom die volgende meegedeel:

> *As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees* (2 Kronieke 7:13-14 AOV).

Alhoewel hierdie belofte oorspronklik as 'n verbondsbelofte aan die volk Israel bedoel was, is dit ook op die kerk van vandag van toepassing, aangesien alle Christene die geestelike nageslag en erfgename van Abraham is[1]. Die laaste drie woorde in hierdie twee verse word vandag dikwels as die belangrikste deel beskou. Ons moet bid, nederig wees en berou toon, God se aangesig soek en ons van ons verkeerde weë bekeer, dan sal God ons land genees. Dit is veral van toepassing op Suid-Afrika, waar talle mense die land verlaat weens onder andere die hoë voorkoms van misdaad, swak ekonomiese groei, korrupsie en wanfunksionerende plaaslike owerhede. Ons word gemaan om nie die land te verlaat nie, aangesien God hierdie toestande sal omkeer indien ons van ons sondige weë afstand doen.

As ons op sosiale, politieke en ekonomiese seëninge konsentreer, mis ons inderwaarheid die doel en soek ons God se guns op ons eie voorwaardes. Ons moet nie op veiligheid, vryheid en voorspoed konsentreer nie en ons eerder toespits op hoër geestelike motiewe, geestelike seëninge en voorspoed, byvoorbeeld kennis van die blye boodskap van verlossing in Christus, vryheid om die Evangelie uit te dra, omvangryke herlewings en die geestelike vooruitgang van Bybelgefundeerde kerke. Om dit kort en saaklik te stel – die redding van siele behoort vir ons belangriker as materiële seëninge te wees. As ons die aangesig van God werklik in alle erns soek, kan ons slegs tot een gevolgtrekking kom, en dit is dat die genesing van ons land in die eerste plek as 'n geestelike genesing gesien moet word. Ooreenkomstig God se wil en voorsiening mag geestelike seëninge wel deur materiële seëninge gevolg word, maar die verkryging van materiële seëninge mag nooit ons primêre doel wees nie. Dit is ook waar dat die geestelike toestand van die kerk die sleutel bied tot die seëning van die land as geheel. As God die land as geheel seën, sal dit slegs terwille van Sy kinders wees.

Wat vra God van ons ten einde ons land te genees? Wat moet ons doen om van ons verkeerde weë weg te breek? Moet ons na morele en politieke hervorming streef deur middel van wetgewing en deur deel te neem aan veldtogte teen kwessies soos aborsie en delmmisbruik wat op die hele gemeenskap gefokus is? Die antwoord is "Nee". Dit moet nie ons hoofdoel wees nie. Wat nodig is, is geestelike hernuwing en herlewing, die verandering van individuele lewens deur middel van verlossing, regverdigmaking en heiligmaking deur Jesus Christus. Ons moet ons rug op sondes keer wat tans selfs deur die meeste kerke geduld word. Ons moet by onsself begin

---

[1] *En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.* (Galasiërs 3:29 AOV)

deur voortdurend ons eie harte te ondersoek om geheime sondes te ontbloot, wat dan berouvol bely en prysgegee moet word.

’n Geestelike hernuwing is nodig. Hierdie hernuwing moet begin met ware berou deur individuele Christene wat die Here ken en liefhet, maar wat hul eerste liefde verlaat het[2] deur in ’n staat van geestelike belangeloosheid en afsydigheid te verval. Dit vereis ’n verandering in gesindheid, eerder as ’n verandering ten opsigte van beleid wat gerig is op die verchristeliking van popkultuur, wat in werklikheid neerkom op die versaking van evangelisasie en ’n liefde vir verlorenes. Geen herlewing is moontlik indien die Woord van God nie verkondig word en ’n beroep nie op onbekeerdes gedoen word om hulle te bekeer nie. Dit is presies wat op Pinksterdag gebeur het toe Petrus deur die krag van die Heilige Gees die Evangelie aan die Jode in Jerusalem verkondig het en 3 000 siele tot bekering gekom het.[3] Kerke en gemeentes moet afsien van valse leerstellings wat daarop gerig is om “die gehoor te streel”[4] en moet terugkeer na die waarheid soos dit in die Woord van God vervat is deur op die Evangelie van Jesus Christus te fokus.

Die individuele Christen se beweegrede vir die belydenis van en berou oor sondes moet suiwer wees. Dit moet nie gedoen word om God se guns en geestelike en materiële seëninge te probeer verdien nie, en ook nie uit vrees vir God se oordeel nie. Ons kan niks van God verdien nie, en enige poging om dit te doen sal ’n ontkenning van God se genade wees. Ten eerste behoort ek my sondige dade te bely en berou daaroor te toon, omdat ek Hom liefhet[5] wat my eerste liefgehad het, omdat ek dankbaar is vir Sy verlossende genade, en omdat ek Sy heiligheid eerbiedig. Belydenis en berou is noodsaaklik, aangesien sonde die Heilige Gees bedroef en skeiding tussen God en die gelowige meebring.

Alhoewel die klem op skuldbelydenis deur die individu geplaas moet word, mag daar soms geleenthede opduik wanneer ons die sondes en ongeregtighede van die hele volk moet bely en berou daaroor moet toon terwyl ons ons terselfdertyd van sodanige sondes en ongeregtighede moet distansieer en standpunt daarteen moet inneem.

In hierdie afdeling kyk ons na ernstige sondes wat oor die vermoë beskik om lewens te vernietig en ondersoek ons maniere om hierdie sondes te bowe te kom. Dit sal sowel die bekering van ongelowiges as bystand aan Christene wat met sondes in hul lewens worstel, insluit. Bystand sal in die vorm van gebed, berading, bemoediging en dissipline aangebied word. Alhoewel hierdie sondes, soos enige ander sondes, ernstig benader en trompop gekonfronteer moet word, moet bystand altyd met die nodige liefde en deernis voorsien word en mag diegene wat bystand verleen hulle nie aan geestelike hoogmoed en ’n verdoemende houding skuldig maak nie.

---

[2] *Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het*. (Openbaring 2:4 AOV)

[3] Handelinge 2:41

[4] *... want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.* (2 Timoteus 4:3-4 AOV)

[5] *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.* (Johannes 14:15 AOV)

**Verdere inligting:**

MacArthur, John. 2002. **Can God Bless America? The Biblical Pathway to Blessing.** Nashville: W Publishing Group.